**Back to basics deel 4: Om volop te kan hê**

PN Jansen van Rensburg

Kernteks

**2 Kor 9:8** En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk.

**2Co 9:8** And God will generously provide all you need. Then you will always have everything you need and plenty left over to share with others.

**1. God het mag**

God se mag se mag is sterker as enige mag wat tans in die wêreld is. God se mag is sterker as jou probleme of omstandighede. God se mag is groter as enige mag. Daar is geen mag so groot so die mag van God.

**2 Kor 9:8** En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk. (NVT)

**2. En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees**

Volop kom deur die genade van God. Dit is uit die genade van die God dat jy volop kan hê.

2 Kor 8:9 Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.

**2Co 8:9** You know the generous grace of our Lord Jesus Christ. Though He was rich, yet for your sakes He became poor, so that by His poverty He could make you rich.

Julle ken die genade van God. Jy moet die genade van God ken voordat jy oorvloed kan ontvang. Deur die genade van God het hy arm geword sodat jy ryk kan word. Jesus het arm geword sodat ek ryk kan word. Baie dink dit verwys hierna geestelike armoede. Dit is nie waar nie. Jesus was nooit geestelik arm nie. Hy het siekes gesond gemaak. Dooies opgewek. Die natuur aangespreek. Dit dui duidelik op geestelike rykdom. Jesus was fisies arm sodat ek en jy ryk kan word. Die rede waarom jy volop kan hê is as gevolg van die genade van God. Jy moet dit net glo. Glo die Woord, praat die woord, kry stand en dit gebeur. Dit as gevolg van oorvloedige genade. Glo jy dit?

Rom 5:9  Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn.

Hoe heers jy?  Deur die oorvloed van genade en geregtigheid.  Deur die geloof.  Jy sal leef deur jou geloof.  Glo die woord.   God het jou geroep om te heers.  Glo dat God vir jou oorvloed in stoor het.  Begin daarvolgens te praat, en dan sal jy begin uitstyg.

**3. Wat doen hierdie oorvloed van genade?**

2 Kor 12:8  Hieroor het ek die Here drie maal gebid, dat hy van my sou wyk.  2 Kor 12:9  En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.

**2Co 12:9**  Each time He said, "My grace is all you need. My power works best in weakness." So now I am glad to boast about my weaknesses, so that the power of Christ can work through me. (NLT)

Wanneer jy voel jy kan nie meer nie.  Jy op jou swakste is, weet dan dat sy genade vir jou genoeg is.  Jy moet net in sy genade glo.  Jy moet glo dat sy genade vir jou oorvloed bewerkstellig.  Genade beteken onverdiende guns van God.  Onverdiende guns beteken dat jy is spesiaal vir God.  Jy is ‘n gunsgenoot van die lewende God.  Dit is die guns van God wat ‘n verskil maak.  Dit is die guns van God wat jou laat uitstyg.  Dit is die guns van God wat maak dat jy abnormale dinge kan regkry wat ander nie kan regkry nie.  As die guns van die Here in jou lewe het, en jy begin dit te glo, dan sal jy dit kry. Die Here is jou bron.  Jy moet glo in die onverdiende guns van God.

**In alle opsigte volop kan hê**

2 Kor 9:8  En God het mag om alle genade oorvloedig oor julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk.

Luk 12:20  Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s’n sal dit wees?

Ons lees hier van ‘n rykman wat net vir homself bymekaar gemaak het. Hy het geglo dat sy sekuriteit in sy rykdom en geld was.  Jou sekuriteit is nie in geld gesetel nie.  Dit is in God se genade gesetel. Die Here noem hierdie man “jou dwaas.”

Luk 12:21  So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie.

Die oorvloed van God is genadig oor ons sodat in alle opsigte. Die eerste opsig waarin ons volop moet wees is in die Here. Ons moet ryk word van die Woord van die Here. Laat die Woord van God ryklik binne jou woon.

God wil hê dat sy kinders vol van sy krag moet wees. God het jou nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar 'n gees van krag, en liefde en selfbeheersing. Hy het vir ons sy goddelike wysheid gegee. Dit stel ons instaat om suksesvol te wees.

Die eerste opsig waarin jy volop moet wees is, jy moet vol van die Here wees. Indien die Here nie die eerste in jou lewe is nie, noem die Here jou 'n dwaas. Moenie 'n dwaas wees nie. Wees vol van die Gees van Here.

Luk 16:13 Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.

As geld vir belangriker as God is, noem God jou 'n dwaas. Wees ryk in die Here, dan sal God sorg dat jy volop het. Jesus noem net een god in die Nuwe Testement, naamlik Mammon. Geld is nie jou sekuriteit nie. God is jou sekuriteit.

**Sodat jy oorvloedig kan wees in elke goeie werk.**

Hoe kan ek oorvloedig wees in elke goeie werk? Hoe kan jy ander help indien jy nie volop hê nie? Jy moet volop hê om ander te kan help. Dit is God se plan dat jy ander moet help. God wil nie hê dat jy net genoeg moet hê om te oorleef nie. God wil vir jou volop gee sodat jy oorvloedig kan wees in elke goeie werk. Wie wil genoeg hê sodat jy ander kan help?

**Luk 16:11** As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou?

As jy nie rentmeesterskap oor jou finansies kan neem, gee wat aan God behoort, kan hy jou met die geestelike vertrou?

Die onregverdige Mammon is 'n gees van selfsug. Dit is 'n geldgod. Hierdie geldgod kan nie vir jou gesondheid koop nie, kan nie vir jou lewe gee nie, kan nie vir jou sekuriteit gee nie. Dit is selgs die genade van God wat dit vir jou kan gee. Baie mense kan nie God vertrou nie, daarom gee hul nie hul tiende en offergawes nie.

Mal 3:10  Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n _**oorvloedige seën**_ sal uitstort nie.

Jy dink die geldgod gee vir jou geluk, dit is nie waar nie.  Hy is bedrieglik.  Jou moet leer om getrou te wees sodat God jou met die groter dinge kan vertrou.

Luk 16:10  Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig.  Ons sal nie Mammon en God dien nie.  Ons sal God alleen dien.

Luk 16:14  Die Fariseërs was baie lief vir geld en toe hulle al hierdie dinge hoor, het hulle Hom beledigend uitgelag.  Luk 16:15  Hy sê toe vir hulle: "Julle is dié wat julle voor die mense as goeie mense voordoen, maar God ken julle harte. Wat deur die mense as belangrik beskou word, is 'n gruwel voor God.

Kol 3:5  Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,

Spr 10:22  Die seën van die HERE—dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie.

Begin glo in die onverdiende guns van die Here en jy sal die seën van die Here oor jou los laat.

Gen 26:12  Isak het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig gewen, want die HERE het hom geseën.  Gen 26:13  En die man het groot geword en altyddeur groter geword totdat hy baie groot was:  Gen 26:14  hy het troppe kleinvee en beeste gehad en baie bediendes, sodat die Filistyne hom beny het.

God sal sy oorvloedige seën oor jou laat gebied ongeag die omstandighede.  In hongersnood sal God vir jou hondervoudig gee.  Glo die Woord, begin dit te praat, dit gee jou 'n reg en dit sal gebeur.